

Die dood op aarde is 'n finaliteit vir alle lewende wesens. Alles en almal sal een of ander tyd doodgaan. Dit beteken jou liggaam raak oud, verweer en dan sal jy jou laaste asem op aarde uitblaas. Jou liggaam sterf dan af en vergaan.

**Die dood is as gevolg van die sonde en daarom deel van die vervloeking Gen 3:19** "...Stof is jy, en jy sal weer stof word..." Omdat Adam en Eva gesondig het en van die vrugte geëet het wat hulle nie mag nie, het God gesê dat hulle sou doodgaan. Hierdie woorde is dus deel van die vervloeking en die gevolg is die aardse dood, die afsterwe van die liggaam. Christus het ons egter losgekoop van die vloek op aarde. **Gal 3:13** "Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is."

**Almal op aarde gaan doodgaan.** Alle op aarde gaan doodgaan, tensy die wederkoms voor die tyd is. Die dood op aarde is 'n finale afskeid op aarde, wat baie traumaties en hartseer is. Doodgaan op aarde beteken dat jy mekaar nie meer lewend hier sien nie. Daar is 'n gemis. Daar is verlange. Daar is 'n breuk en 'n finaliteit wat alles op aarde onherroeplik verander. Daarom is die dood 'n finale afskeid op aarde.

**Dood het egter nie meer 'n finale angel nie. 1 Kor 15:54b-56** "Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal. **55** "Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel? **56** Die angel van die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van God." Juis omdat Jesus die angel van die dood maw die sonde weggeneem het, is die dood vir die christen nie meer 'n verskrikking nie, maar 'n deurgaang na die ewige lewe. Ja natuurlik is ons hartseer by die dood van 'n geliefde, maar ons weet die persoon lewe by die Here.

**'n Christen se dood is 'n deurgaang na die ewige lewe Joh 14:1-4** **1** "Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. **2** In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. **3** En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. **4** En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan."

Jesus Christus is reeds na die hemel om vir ons plek voor te berei. Elke christen wat sterf op aarde gaan dadelik na die Hemel toe. Ons gaan dadelik na die plek wat Jesus Christus vir ons voorberei het.

**'n Christen leef vir altyd Joh 11:25** "Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook" As christene gaan ons liggame wel dood maar ons siel lewe vir altyd. Daarom is Jesus die weg en die waarheid en die lewe. Elkeen wat in Hom glo sal nooit sterf nie.

**In die hemel is daar geen dood nie. Open 21:4** "Hy sal al die tranes van hulle oë afdroeg. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan." Hier beskryf Johannes presies hoe dit in die hemel sal wees. Daar sal geen dood meer wees nie. Daar leef ons vir ewig. Daar is God alles in almal.